

# Dié planters, saaiers ideaal vir SA boere

Met die wêreld se beste tegnologie tot sy beskikking, en 'n span plaaslike ingenieurs wat dag en nag verbeterings aanbring en gehaltebeheer toepas, is Equalizer se toerusting nêr die pasmaat vir Suid-Afrikaanse saaiers.

**E**qualizer het as maatskappy en handelsmerk merkwaardige groei die afgelope dekade getoon. Die maatskappy skryf sy sukses toe aan sy uitsluitlike klem op saai- en planttoerusting.

Mnr. Gideon Schreuder, besturende direkteur van Equalizer, meen die maatskappy bou voort op sy sukses omdat hy ná al die jare steeds net op saai- en planttoerusting toegespits is.

“Om dit in perspektief te stel; ons het 13 ingenieurs wat heeltyds net met die saai- en planttoerusting werk, maar steeds is ons gedruk vir tyd om al ons planne en produkverbeterings in werking te stel,” sê hy.

“Ons is bevoorreg om daaglik saam met Suid-Afrikaanse boere, wat van die beste boere ter wêreld is, te werk. Ons kry gereelde terugvoer van ons kliente af. Dit bied aan ons die geleentheid om deurlopend aan te pas by hul behoeftes, en ons produkte te verbeter.

“Dit is onmoontlik om almal gelukkig te hou, maar 'n mens moet steeds probeer. Benewens ons ingenieurs het ons tegniese spanne reg oor Suid-Afrika wat deurlopend met ons handelaars en kliente konsulteer. Só maak ons seker ons produkte voorsien in kliente se behoeftes. Die plantproses is nie so eenvoudig soos haak en sleep nie. Om dus 'n sukses daarvan te maak,



Die suksesverhaal van Equalizer-planters het 19 jaar gelede begin. Vernuwende ontwerpe, gehaltevervaardiging, tevrede kliente en volgehoue naverkopediens vorm sedertdien die grondslag van dié onderneming.

FOTO'S: EQUALIZER

moet ons die nodige bystand en ondersteuning aan ons kliente verskaf,” sê Schreuder.

## TEGNOLOGIE

Schreuder meen elke land en mark is uniek ten opsigte van behoeftes en praktyke, want grond, klimaat en plaasgroottes verskil.

“Wat Suid-Afrika uniek maak, is dat ons die droogste land ter wêreld is wat mielies verbou. Ons planters en saaiers vereis unieke aanpassings om doeltreffend in sulke moeilike toestande te plant. Ons mark het ook minimumbewerkingspraktyke vinnig aangeneem, wat uiteraard unieke produkte en tegnologie vereis,” sê hy.

Tegnologie speel 'n baie groot rol in die plantproses, en dit gaan in die toekoms net groter word. “Ons voordeel ten opsigte van tegnologie is dat ons wêreldwyd

deurlopend die beste tegnologie kan gaan soek vir al die verskillende fasette van die planter en saaiers. Ons kan dus aan ons kliente die beste gesamentlike oplossings bied. Wat 'n mens wel met tegnologie moet ont hou, is dat alles wat in Europa of Amerika goed werk, nie noodwendig hier gaan werk nie. Dus bestee ons baie tyd en moeite om alle tegnologie eers behoorlik te toets.”

Boere moet nooit die basiese beginsels afskeep nie, sê Schreuder. “Die nuutste en beste tegnologie is goed en wel, maar dit moet nooit inbreuk maak op die basiese praktyke en beginsels wat toegepas moet word nie.”

Planterverstellings is noodsaaklik, omdat elke boer se lande uniek is ten opsigte van grondtipe, kontoere, vog, bewerking en verdigting. Geen enkele opstelling sal vir almal werk nie, en elke klient moet met sy handelaar en vervaardiger-tegnici konsulteer om sy planter reg op te stel vir sy unieke toestande.

“Hierdie proses moet elke jaar herhaal word, omdat toestande jaarliks verander. 'n Planter wat byvoorbeeld vanjaar goed gewerk het in klam grond, gaan nie noodwendig volgende jaar net so goed werk in grond wat baie nat is nie. Die planter moet natuurlik verstel word om optimaal in die nat grond te funksioneer.” **LBW**

➤ NAVRAE: Web: <https://equalizer.co.za/>; 021 981 2161.

Equalizer toets altyd eers tegnologie uit Amerika en Europa om te verseker dat dit doeltreffend in Suid-Afrikaanse toestande sal funksioneer. Die maatskappy verskaf dus pasgemaakte oplossings aan plaaslike boere.

